**Die storie agter die storie agter die storie (OP187)**

**Jes 44:28-45:13**

**1 September 2024**

Gedurende die afgelope ongeveer 8 maande het ons deur die boek Eksodus gewerk. My doel hiermee was dat ek veral aandag wou gee aan die Sinaiverbond: alhoewel hierdie verbond bekend staan as die ou verbond wat verbygegaan en uitgedien geraak het met die koms van die nuwe verbond, is dit steeds 'n belangrike verbond om te verstaan, juis omdat dit oorgaan in die nuwe verbond, en deel is van die opbou in die openbaringsgeskiedenis in die Bybel. Ons het gekyk na die ellende van die volk in Egipte, daarna na hulle verlossing deur die Here uit Egipte, en derdens na die gebeure by die berg Sinai, waar die Here aan hulle Sy wet gegee het, asook die opdrag om die tabernakel te bou. Dit het aanleiding gegee tot ons bestudering van die tabernakel / tempel tema gedurende die afgelope 8 weke, waar ons gekyk het hoe hierdie tema ontwikkel deur die loop van die openbaringsgeskiedenis.

Ek beplan om vervolgens die verbond met Dawid te bestudeer – en ek glo dit sal baie vinnig duidelik word dat die Dawidverbond aanvullend is tot die Sinaiverbond. Ek het dit egter goed gedink om vandag te gebruik om aan 'n ander saak aandag te gee. Ek het geoordeel dit is geleë om aan hierdie saak aandag te gee, juis omdat ons sopas 'n goeie begrip ontwikkel het van die ontwikkeling in die openbaringsgeskiedenis – weliswaar is daar meer ontwikkeling as net die ontwikkeling van die tempeltema, maar ons kan die ontwikkeling in die tempeltema baie nuttig gebruik om oor hierdie ander saak te besin. Die saak waaroor ek wil besin, is die volgende: Wat wil die Here bereik? Ons het nou na een ontwikkelingslyn gekyk: van die tuin van Eden, deur die tabernakel en die tempel, deur Jesus en die gelowiges as die tempel, tot in die nuwe Jerusalem. Dit is een ontwikkelingslyn, of kan ek maar sê: dit is een storielyn. Met storielyn bedoel ek nie, dit is fiksie nie – dit is werklike gebeure, maar dit ontwikkel soos 'n storie. Daar is talle ander storielyne deur die openbaringsgeskiedenis – ons kan 'n soortgelyke storielyn ontwikkel vir die rol van die koning, of vir die rol van al die verbonde in die openbaringsgeskiedenis. Die vraag is: Wat wil die Here bereik? Die vraag is: Wat is nou eintlik die storie? Is daar dalk 'n storie agter die storie? Wat is ten diepste die storie? Wat is die wil van die Here met al hierdie storielyne?

Ons kan die vraag selfs verder uitbrei: Nie net is daar baie stories wat deur die loop van die Bybel vir ons opgeteken is nie – daar is boonop nog baie stories wat deur die loop van die wêreldgeskiedenis aan die ontwikkel is. Dink maar net aan die nuusgebeure van die dag: oorlog in Oekraine, oorlog in die Midde-Ooste, Amerika hou presidentsverkiesing, Suid Afrika het 'n regering van nasionale eenheid. Wat is die punt met al hierdie stories. Of dink aan die kerk van ons dag: daar is allerlei stories wat in die kerk afspeel: Terwyl al hierdie dinge in die wêreld gebeur, redeneer die kerk die Here is steeds besig om Sy tempel te bou. Is hierdie storie van tempelbou los van al die wêreldgebeure-stories? Die kerk het boonop baie ander stories wat besig is om af te speel: op baie plekke stoei kerke om te oorleef, op ander plekke groei die kerk – wat is nou eintlik die storie? Dink verder aan jou eie lewe: elkeen van ons se lewensloop is ook 'n storie: sommige stories klink opwindend en die persoon bereik groot sukses, ander se stories klink swaar en moeilik – hulle worstel met swaarkry op verskeie maniere. Die punt is: daar is baie stories aan die ontwikkel. Kyk nou na Jes 45:7 wat ons sopas saamgelees het. Lees dit. Hier lees ons dit is die Here wat voorspoed skep en teenspoed, dit is die Here wat al hierdie dinge bewerk. Goed, so die Here bewerk al die dinge. Maar, die vraag is: Wat wil die Here met al die stories bereik? Wat is nou eintlik die storie?

<u>Die storie van Kores, en die storie agter die storie (Jes 44:28-45:13)</u>

Die storie van Kores het my aan die dink gesit oor hierdie onderwerp. Kom ons dink net eers oor wie Kores was. Lees Esra 1:1-4. Ons lees dat Kores die koning van Persië was. Onthou wat ons uit ons bestudering van die tempeltema geleer het. Salomo het die tempel in Jerusalem gebou. Oor die loop van baie jare het die volk al meer hulle vertroue in die tempel geplaas, i.p.v. in die Here. Die gevolg was dat profete soos Jeremia die volk gewaarsku het, maar die volk wou nie hoor nie. Eventueel is hulle in ballingskap weggevoer na Babel deur Nebukadnesar, die koning van Babel. Terwyl die volk in ballingskap was, het die Mediërs en die Perse egter vir Babel oorwin. Kores is die Persiese koning, en ons lees dat hy in sy eerste regeringsjaar opdrag gegee het dat die volk terug kan gaan na hulle eie land en na Jerusalem toe, juis met die opdrag dat hulle die tempel, wat die Babeloniërs vernietig het, moet gaan herbou. Hy het selfs aan hulle die voorwerpe wat in die tempel was wat Nebukadnesar weggevat het Babel toe, teruggegee.

Dink nou oor die volgende: Gestel jy het in daardie jare, so 550-500 v.C., geleef. Ek weet nie wat die ekwivalent was van News 24 in daardie jare nie – maar gestel jy het wat dit ookal was gelees. Ek is seker die feit dat die Perse die Babeloniërs oorwin het, moes al die hoofopskrifte van al die nuusmedia gehaal het. Dit moes sekerlik die storie van die dag of jaar gewees het. Die Babeloniese ryk was dié ryk – en nou is hulle deur die Perse ontsetel. Dit moes groter nuus gewees het as Rusland wat Oekraine inval. Wat ook nuuswaardig moes wees, kort hierna, was die feit dat Kores die Joodse volk terugstuur sodat hulle Jerusalem en die tempel kan gaan herbou – en boonop gee hy aan hulle dit wat vroeër uit die tempel geroof is.

Gestel verder daar was in daardie dae 'n ondersoekende joernalis soos wat ons deesdae vind – daardie joernaliste wat dikwels allerlei opspraakwekkende gebeure aan die lig bring. Gestel daar was so 'n joernalis wat die profesie van Jesaja gaan lees het – veral Jesaja 44/45 wat ons sopas gelees het. Jesaja het baie jare voor die ballingskap geleef. Nou, jy moet maar self besluit wanneer jy dink Jes 44/45 geskryf is – saam met die eerste hoofstukke van Jesaja wat in die 700's v.C. geskryf is, of dalk later. Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat hierdie gedeelte in Jesaja 'n profesie is – kyk maar net na Jes 44:28 waar ons lees alles wat die Here wil, <u>sal</u> Kores uitvoer – m.a.w. wat in hierdie hoofstukke beskryf word is 'n profesie, wat vooruit aangekondig is. En wat ons in hierdie vers lees is dat die Here vooruit aangekondig het dat Kores – let op, hy word by die naam genoem – dat hy sou sê Jerusalem en die tempel moet herbou word. Trouens, in Jes 45:1-3 lees ons dat die Here vooruit aangekondig het dat hy nasies sal verslaan en konings sal ontwapen, en dat die Here aan hom skatte en rykdomme sal gee. Al met al, nog 'n storie wat sekerlik die nuusblaaie sou haal.

Maar, geliefdes, let nou op: daar is meer aan hierdie stories as maar net een wêreldleier wat 'n ander een oorwin, en die oorwinnende leier wat die ballinge van die oorwonne leier vry laat om terug te gaan na hulle land. Dit is hier wat ons bestudering van die tempeltema nuttig is, want ons weet dit was alles deel van 'n groter saak. Ons weet dat die volk nie maar net nog 'n volk is nie – nee, hulle is die uitverkore volk van die Here. Ons weet die Here het hulle eeue gelede alreeds wonderbaarlik uit Egipte verlos. Ons weet die Here het groot planne met hulle, maar dat hulle net nie daarin slaag om die Here te dien soos wat Hy verwag nie. Ons ken die geskiedenis van die ontstaan van die tabernakel, en later die tempel. Ons weet dat hulle die tempel verafgod het. Ons weet dit was onder andere die rede waarom hulle in ballingskap weggevoer is. Ons weet dat die Here ook al vantevore aangekondig het dat hulle 70 jaar in ballingskap sou wees. En, soos ons gesien het, was die feit dat Kores die een sou wees wat hulle laat teruggaan, ook vooruit deur die Here aangekondig. Daar is baie duidelik 'n storie agter die storie van Kores wat Babel oorwin en die volk laat teruggaan. In verse 3-4 word vir ons verduidelik daar is ten minste twee motiverings vir die feit dat die Here Kores geroep het om hierdie rol te vervul: Aan die een kant moes Kores hieruit leer: Hy moes leer dat dit die Here, die Verbondsgod, is wat hom geroep het. In Esra 1:2 lees ons dan ook dat

Kores inderdaad erken dat dit die Here is wat aan hom al die koninkryke van die aarde gegee het. In 2 Kron 36:23 erken hy ook dit is die Here wat aan hom die opdrag gegee het om ‘n huis vir die Here, m.a.w. ‘n tempel, in Jerusalem te gaan bou. Ons sien dus Kores het uit al hierdie gebeure geleer wat die Here wou hê hy moes leer. Maar daar is ook ‘n tweede motivering in vers 4: Die Here sê Hy het Kores laat doen wat Hy wou hê Kores moes doen “ter wille van Sy dienskneg Jakob, en Israel, My uitverkorene”. Hierdie gebeure het plaasgevind omdat die Here besig is om met Sy volk te werk – en die volgende stap in die Here se wandel met Sy volk was dat hulle nou uit ballingskap moes teruggaan.

Sien jy die punt? Daar is drie stories wat hier beskryf word: Kores oorwin Babel, Kores laat die volk teruggaan om die tempel te herbou, en dit alles is vooruit aangekondig. Dis die stories in die nuusblaaie. Maar daar is ‘n storie agter hierdie stories: Die Here wil vir Kores wys dat Hy in beheer is – selfs al was Kores nou een van die magtigste persone in die wêreld. Maar meer belangrik: Kores is bloot ‘n instrument wat die Here gebruik ter wille van Sy volk. Die wêreldgebeure vind plaas sodat die Here Sy doel met Sy volk kan bereik. Die wêreldgebeure is die storie, maar die storie agter die storie is dat die Here besig is om met Sy volk te werk, en ons weet uit ons studie oor die tempel, dit bou op na die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde.

<u>Die storie agter die storie agter die storie van Kores (Eseg 36:16-32)</u>

Kom ons blaai nou na Eseg 36 toe. Ons weet Esegiël was ‘n profeet tydens die ballingskap, ons weet ook dat hy in Eseg 36 vorentoe kyk, en ook sien dat die Here Sy volk uit ballingskap gaan verlos. Lees verse 16-19. In hierdie verse lees ons dat die Here sê terwyl die volk op hulle grond gewoon het, het hulle dit verontreinig deur hulle optrede en dade. Dit verwys natuurlik na die volk voor die ballingskap – toe hulle nie die Here gedien het soos wat Hy dit van hulle verwag het nie. Die gevolg was dat die Here uit hulle land verwyder het en onder ander nasies laat woon het – wat natuurlik na die ballingskap verwys.

Lees verse 20-21. Alhoewel ons verstaan hoekom die Here hulle uit hulle land verwyder het en onder die nasies laat woon het, was daar tog ‘n negatiewe gevolg: die volk het die Naam van die Here onder hierdie ander nasies ontheilig. En hoe het dit gebeur? Wel, deurdat die ander nasies geweet het die volk was die Here se volk – maar nou was dit juis die Here wat Nebukadnesar gestuur het om Sy opstandige volk in ballingskap weg te voer. Die nasies sou kon redeneer die Here was nie by magte om Sy volk te beheer nie – hulle was so onbeheerbaar die Here moes hulle deur ‘n heidense koning laat wegvoer. Die gevolg was dat daardie ander nasies klein kon dink oor die Here, want Hy kon nie eers Sy eie volk beheer nie.

Lees verse 22-23. Die Here maak dit duidelik Hy gaan nie maar net die situasie daar los nie. Nee, Hy gaan optree. Ons kom netnou terug na die verse, kom ons kyk net eers na wat dit is wat die Here nou gaan doen. Lees vers 24. Die Here onderneem om hulle uit die nasies te neem en terug te bring na hulle eie grond, oftewel land. Dit is natuurlik wat ons gesien het gebeur het deur Kores se optrede. Lees verse 25-28. Hier lees ons van groot dinge wat gaan gebeur – die Here gaan hulle nie maar net terugbring na hulle land nie, nee, Hy gaan hulle reinig deur water op hulle te sprinkel, Hy gaan aan hulle ‘n nuwe hart van vleis gee i.p.v. hulle hart van klip, Hy sal deur Sy Gees sorg dat hulle Sy voorskrifte en bepalings navolg. Hy sal vir hulle ‘n God wees en hulle sal vir Hom ‘n volk wees. Ons kan vir lank praat oor die ryk inhoud van hierdie verse – ek gaan net volstaan en sê dat die Here hier aan die volk die nuwe verbond se beloftes gee – en deur die uitwerk van hierdie beloftes gaan die Here hulle reinig van hulle ongeregtighede, en hulle boonop ook leer om nie weer ongehoorsaam te wees nie. Dit is onmiskenbaar duidelik, wat die Here gaan doen gaan tot groot voordeel van die volk wees. Dit klop natuurlik met die storie agter die storie van Kores – waar die Here ook gesê het wat

Kores doen, doen hy ter wille van Jakob se nageslag. Al met al, is hierdie beskrywing weer vir ons 'n beskrywing van die storie agter die storie van Kores se optrede.

Maar kom ons keer terug na verse 22-23. Alhoewel die Here hierdie groot en wonderlike dinge gaan doen wat absoluut tot voordeel van die volk gaan strek, sê die Here Hy gaan dit nie ter wille van hulle doen nie. Nee, die Here gaan dit ter wille van Sy heilige Naam doen wat hulle ontheilig het deur hulle vroeëre optrede, selfs ook tydens die ballingskap. Let mooi op na wat die Here sê Hy met hierdie optrede gaan bereik in die laaste gedeelte van vers 23: Die nasies sal besef dat die Here die Here is – onthou dit is ook wat die Here vir Kores gesê het – hy moes ook deur hierdie gebeure besef die Here is die Here. Maar let op wat vers 23 sê hoe die Here die nasies by hierdie besef gaan uitbring: deurdat die Here deur Sy optrede ten gunste van Sy volk, deurdat Hy hulle reinig en deurdat Hy hulle gehoorsaam sal maak – daardeur sal Hy Homself as die Heilige betoon teenoor die nasies. Sien jy dit: die Here gaan die volk reinig en gehoorsaam maak, om vir die nasies te wys Hy is heilig – nie net kan Hy hierdie opstandige volk heilig maak nie, maar deur dit te doen, gaan Hy ook in die proses vir die volke wys Hy is heilig.

Die punt is: daar is nog 'n storie agter die storie wat agter die storie van Kores lê. Let op hier is drie vlakke van stories: Die eerste vlak: Kores oorwin Babel, en stuur die volk terug om die tempel te herbou. Maar daar is 'n tweede dieper vlak storie agter hierdie storie: Die Here is op pad met Sy volk, Hy gaan hulle reinig, Hy gaan hulle gehoorsaam maak, dan gaan Hy eventueel met hulle eindig in die nuwe Jerusalem. Maar dan is daar 'n selfs nog dieper vlak storie agter hierdie tweede vlak storie: die Here doen dit sodat Hy Homself bekend kan maak as die Heilige. Kan ek dit op nog 'n manier probeer verduidelik: Die eerste vlak storie sien jy in die wêreldgebeure, of jy belewe iets in jou eie lewe. Dit kan iets goed of swaar wees. Die punt is: dit is die Here wat dit werk – Jes 45 sê Hy bring voorspoed en teenspoed. Maar daar is 'n storie agter hierdie storie: deur hierdie gebeure wil die Here Sy tempel bou – Hy wil die klippe reinig en heilig – sodat hulle eventueel in die nuwe Jerusalem saam met Hom op die nuwe aarde kan woon. Maar daar is selfs 'n nog dieper storie agter hierdie storie: Die Here doen dit alles ter wille van Sy Naam – Hy wil hê ons as mense moet leer Hy is die Here, die Heilige, Hy wil hê in dit alles moet ons Hom leer ken, soos wat Hy is. Ten diepste gebeur alles in die wêreld vir die doel dat die Here daardeur Homself bekend kan maak.

<u>Die Here se handelinge met Israel (Rom 9:1-23)</u>

Ek is van mening dit is sinvol om onderskeid te maak tussen wat ek die storie agter die storie noem, en die storie agter die storie agter die storie. Ja, natuurlik moet ons verstaan dat die Here gebruik gebeure deur die geskiedenis om Sy tempel te bou. Maar die Here wil nie maar net Sy tempel bou nie, Hy wil ook Homself bekend maak in Sy volle wese.

Kom ons kyk na hoe Paulus dit vir ons beskryf in Rom 9. In hierdie hoofstuk worstel Paulus met die realiteit dat 'n groot deel van die Jode eenvoudig nie die Here Jesus erken en in Hom glo nie, ten spyte van die feit dat hulle soveel voorregte gesmaak het in die ontwikkeling van die openbaringsgeskiedenis (lees maar verse 1-5).

Lees verse 6-9. Hier beredeneer Paulus dat nie almal wat uit Israel afkomstig is, is deel van die ware Israel nie – m.a.w. nie alle fisiese afstammelinge uit die volk is werklik gelowiges nie. En dan gebruik hy Abraham se twee seuns as voorbeelde: Isak is 'n kind van God, maar Ismael nie.

Lees verse 10-13. Hier gaan Paulus verder en sê selfs al het twee kinders dieselfde pa en ma, beteken dit nie noodwendig dat hulle albei kinders van God is nie. Hy gebruik dan juis Isak en Rebekka se tweelingseuns as voorbeeld: Jakob en Esau. En dan maak Paulus die skokkende stelling: nog voor hulle geboorte, voor hulle enigiets gedoen het, is al vir Rebekka gesê die oudste sal die

jongste dien. Dit was die resultaat van die realiteit dat die Here Jakob uitverkies het, en Esau nie. Die Here het Jakob liefgehad en Esau gehaat. Hierdie keuse is nie bepaal deur iets wat hulle gedoen het nie – dit is bepaal deur God wat so besluit het. Vers 14-16 bevestig dit: die Here ontferm Hom oor wie Hy wil – dit is eenvoudig die Here se besluit.

Natuurlik het ons hier te doen met die uitverkiesing – daardie leerstelling wat ons baie keer mee worstel. Ons weet uit Ef 1 en hier uit Rom 9 die Here het al voor ons geboorte besluit wie Sy kinders sal wees en wie nie. Ons worstel hiermee. Ons worstel op verskeie maniere hiermee: Aan die een kant voel dit onregverdig – dit is tog onregverdig dat die Here al voor sommige mense se geboorte besluit het Hy gaan Hom nie oor hulle ontferm nie. Aan die ander kant voel ons hoekom doen die Here dit? Hoekom red Hy nie almal nie? Of hoekom keer Hy dan nie maar net liewer dat iemand soos Esau of Ismael gebore word nie? Miskien selfs nog beter: hoekom het die Here nie die mens so geskep dat hy nie kan sondig nie – dan is al hierdie geworstel om sommiges te red oorbodig, en ten minste word almal dan dieselfde behandel – dit sou tog regverdig wees, en immers is God regverdig.

Wel, kom ons lees verder: lees verse 17-18. Hier lees ons van Farao – daardie goddelose Egiptiese koning, wat die volk van die Here verdruk het en as slawe misbruik het. Maar let nou op: die Here sê Hy het 'n spesifieke doel gehad met die Farao – die Here het Hom verhef (dus as koning aangestel) – sodat die Here deur die Farao Sy krag kon toon en sodat die Here se Naam oor die hele aarde verkondig kan word. Die doel van die Here met die Farao was dat die Here deur Sy handelinge met die Farao Sy krag kon toon – en dink net aan die krag wat die Here ten toon gestel het tydens die 10 plae, of tydens die verdrinking van die Farao se leer in die Rietsee – duidelik het die Here Sy krag getoon deur die gebeure. Vergelyk die Farao met Kores: Ons kan maklik opgewonde raak oor die Here Kores aangestel het – immers het Kores ten gunste van die volk opgetree, ons kan insien dat die Here iets sinvols deur hom wou bereik – soos ons gesien het die Here wou die volk verlos, maar ten diepste wou die Here ter wille van Sy Naam optree. Maar die Here sê iets soortgelyks is waar van die Farao – ja, die Here het die Farao ook gebruik om Sy verlossing van die volk te bewerk, maar ten diepste het die Here die Farao ook aangestel ter wille van Sy Naam – sodat Hy Sy krag kon toon.

Lees verse 19. Nog steeds voel ons dit is onregverdig – immers die Farao kan nie teen die wil van God optree nie. Lees verse 20-21. Die Here verduidelik deur Paulus: Hy is die Pottebakker. En as die Pottebakker mag Hy besluit wat Hy met die klei wil maak. Hy kan of 'n voorwerp vir edele gebruik maak – ons sou kon dink dit is iemand soos Kores, of Isak of Jakob. Of Hy kan 'n voorwerp vir onedele gebruik maak, soos die Farao, of Ismael of Esau. Lees vers 22-23. Uit hierdie verse word dit duidelik die Here het 'n doel met beide tipes voorwerpe – en Sy doel met altwee is dat Hy Homself wil bekend maak. Ons lees die Here verdra die voorwerpe vir onedele gebruik met groot geduld (onthou Hy is die Pottebakker wat hulle gemaak het). Hy verdra hulle, want Hy wil hulle gebruik om d.m.v. hulle Sy toorn en Sy krag te vertoon. Wanneer? Sekerlik kan dit al in hierdie lewe gebeur – die Farao het die 10 plae en die Rietsee al in hierdie lewe beleef, maar sekerlik ook aan die einde met die finale oordeel. Die Here wil Sy toorn oor die sonde vertoon as Hy die duiwel en sy trawante in die vuurpoel gooi. Daarteenoor is daar die voorwerpe vir edele gebruik – deur hulle wil die Here die rykdom van Sy heerlikheid bekend maak deurdat Hy hulle aan die einde van die tyd in heerlikheid by Hom sal neem, immers is hulle bestem vir heerlikheid!

Sien jy? Hier is weer daardie drie vlakke: Daar is eenvoudig Isaks en Jakobs en selfs Koresse in die lewe. Maar daar is ook die Ismaels, die Esaus en die Farao's. Daar is sekerlik interaksie tussen al hierdie mense – dit skep daardie eerste vlak stories waarvan ons in die nuus lees, of self in ons eie lewens beleef. As jy begin wonder oor hoekom die Here die stories laat gebeur, kom jy agter daar is 'n storie agter die storie – die Here maak vir Hom 'n ware volk van ware gelowiges bymekaar wat Hy reinig en heilig, en wat Hy by Hom op die nuwe aarde gaan neem. Maar as jy dan begin wonder oor

hoekom die Here nie ‘n kortpad vat na daardie eindpunt deur nie die goddelose mense te skep nie, of hoekom die Here nie die mens so gemaak het dat hy nie kan sondig nie, kom jy tot die besef daar is nog ‘n dieper storie agter dit alles – die Here maak Homself bekend. Deur sommiges wil Hy Sy goedheid, ontferming, genade, liefde en heiligheid ten toon stel. Deur ander wil Hy Sy toorn, Sy regverdigheid, Sy krag vertoon. Dit is Hy as die Pottebakker wat altwee tipes voorwerpe maak – Hy stel beide aan.

Maar nou kan jy steeds redeneer: dit is onregverdig dat die Here sommiges bestem het om verlore te gaan. Ek glo dit is juis vir hierdie rede dat die Here die mens sonder sonde maar met ‘n vry wil geskep het. Die Here het nie robotte geskep nie – nee, Hy het mense, sonder sonde, maar met ‘n vry wil geskep. Maar, selfs toe die mens nog sonder sonde was, het die mens sy vry wil gebruik om teen die Here te kies. Omdat dit die mens se keuse was, daarom sou dit heeltemal regverdig wees as die Here alle mense laat verlore gaan – dit is nie onregverdig as die Here mense wat Hy sonder sonde geskep het, maar wat doelbewus besluit het om wel sonde te doen, straf nie – deur hulle vertoon die Here Sy toorn. Die feit dat Hy sommiges red, vertoon naas Sy toorn, juis Sy genade – die kontras beklemtoon hoe heerlik Sy genade is. Hoe sou die Here Sy genade kon vertoon as daar nie sonde was nie? En boonop bewys Hy ook nog Sy krag, deurdat Hy aan hulle nuwe harte gee wat Hom wil gehoorsaam.

Geliefdes, die essensie van my hele betoog vandag is om uit te lig dat die Here ten diepste besig is om Homself bekend te maak. Ons is so geneig om net vas te kyk in die fisiese gebeure om en met ons. En as ons dieper soek na betekenis in hierdie gebeure, vorder ons dikwels net tot op die vlak waar ons verstaan die Here is besig om Sy kinders te red. En natuurlik is dit groot en wonderlik om raak te sien, en is dit rede om baie opgewonde en dankbaar te wees vir ons verlossing. Maar die Here het ‘n nog groter doel: Hy wil hê ons moet Hom leer ken uit Sy werk. Hy is besig om Homself te openbaar deur al die gebeure – en ons behoort ons in te span om Sy hand raak te sien.

Hoekom is dit nodig dat ons Hom goed moet leer ken? Wel, ongelowiges moet Hom leer ken sodat hulle in die oordeelsdag geen argument kan aanvoer oor hoekom dit onregverdig is dat hulle verlore gaan nie – hulle het hom mos al leer ken as die Een wat toornig is oor sonde. Maar, meer belangrik, ons as gelowiges moet Hom leer ken sodat ons in die hiernamaals, wanneer die Here tussen ons kom woon op die nuwe aarde, Hom kan vereer en verheerlik – omdat ons in ons harte oortuig is Hy alleen is waardig om aanbid te word!

Kan ek jou weer herinner aan die lofprysing van die groot skare in die hemel in Op 7:12: “Amen! Die lof, die heerlikheid en die wysheid, die dank en die eer, die krag en die sterkte kom ons God toe vir ewig en ewig. Amen!” Dit is in al die stories wat met en om ons gebeur wat die Here aan ons Sy heerlikheid en wysheid en krag en sterkte ten toon stel. En ons moet hiervan kennis neem – sodat ons met sinvolle inhoud aan Hom die eer kan bring wat Hy waardig is.

<u>Afsluiting</u>

Miskien is jy bekommerd. Miskien is jy bekommerd oor wat in die wêreld gebeur, of dalk oor wat in ons land gebeur. Miskien is jy bekommerd oor waarheen alles op pad is. Miskien is jy bekommerd oor die toestand in die kerk in die algemeen, of dalk in jou gemeente in besonder. Miskien is jy bekommerd oor jou persoonlike situasie – dalk is jy siek, of eensaam, of werkloos. Besin dan oor die betekenis van hierdie gebeure. Maar besin dan op ten minste twee vlakke: Aan die een kant: hoe wil die Here dit gebruik om Sy doel met jou te bereik as ‘n lewende klip in Sy tempel? Is daar dalk sonde waarvan jy jou moet bekeer? Is daar dalk dienswerk wat die Here wil hê jy by betrokke moet raak? Is daar dalk ‘n getuienis rol wat die Here jou voor wil gebruik? Aan die ander kant, besin oor: Wat

openbaar die Here van Homself deur die situasie waarin jy is? Wat kan jy van die Here leer deur die gebeure? Sien jy ‘n voorbeeld van Sy krag? Of dalk Sy wysheid? Of dalk Sy geduld? Of dalk Sy toorn? En gebruik dit dan in jou aanbidding van Hom.